Verwysing: 20160627-1842
12/11/9
Navrae: Bestuurders: SIBMB

Omsendbrief: 0013/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Kringbestuurders; Hoofde: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur (SIBMB); Bestuurders: Kurrikulumkoördinering; Veilige Skole-koördineerders; Skoolverrykingskoördineerders; VLR-koördineerders; Prinsipale en lede van beheerliggame van openbare sekondêre skole

Kort opsomming: *Bekendstelling van diensleer as deel van die naskoolprogramme*

Onderwerp: Bekendstelling van Diensleertoekennings in sekondêre skole

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) kondig met genoeë die bekendstelling van diensleer as 'n glanspunt van sy program vanaf 12 Mei 2017 aan.

2. Histories het die WKOD amptelik die werk van opvoeders en die prestasie van skole oor die algemeen erken. Daar word egter besef dat die skitterende, innoverende werk wat deur baie van ons leerders gedoen word, nie altyd dieselfde erkenning as dié van die opvoeders geniet nie.

3. In hierdie opsig ondersteun die Provinsiale Minister van Onderwys die idee dat die WKOD Jaarlikse Diensleertoekennings, wat as die WKOD diensleertoekennings bekend sal staan, uit te rol.

4. Dit is die voorneme van die WKOD om die projek te verbeter soos dit ontwikkel.

5. Diensleer is 'n onderrig-en-leer-model wat reeds in baie wêrelddele gevestig is. Die doel daarvan is om betekenisvolle gemeenskapsdiens met instruksie en nabetragting te integreer om die leerervaring te verryk, burgerlike verantwoordelikheid te leer en gemeenskappe te versterk.

6. Hoewel baie skole in die Wes-Kaap by gemeenskapsgebaseerde werk betrokke is, is geen programmatiese en provinsiewye erkenning van leerders se leer wat aan gemeenskapsdiens gekoppel is tot dusver gegee nie.

7. Oor die algemeen benodig gemeenskappe al hoe meer mense – veral jong mense – om betrokke te raak by 'n sosiale kontrak wat die morele samestel van ons gemeenskappe – veral in histories gemarginaliseerde sosiale kontekste – wil herbou.

8. Die deelnamereëls is in die meegaande Inligtingsgids vervat. Daar word van die prinsipaal en die Onderwyserskakelbeampte (OSB) verantwoordelik vir die skool se Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) verwag om die VRL-lede te help om hierdie onderneming self te bestuur sodat hulle opgelei word om sodanige opdragte te hanteer.

9. Hoewel die WKOD aanvanklik vir bestaande projekte en inisiatiewe gaan kyk, is die voorneme ook om kapasiteit aggressief te bou en deelname aan te moedig in skole wat nie sodanige aktiwiteite het nie. Dit sal deur die Veilige Skole-naskoolintervensie gedoen word.

10. In hierdie opsig word beheerliggame aangemoedig om seker te maak dat hul skole duidelike, identifiseerbare naskoolprogramme het wat elke jaar verbeter sal word.

11. Hierdie program kan die manier waarop leerders na die gemeenskap kyk, verander. Prinsipale word aangemoedig om leerders te inspireer om beter burgers te wil wees, want hierdie inisiatief het die potensiaal om sosiale kohesie te verbeter en beter menseverhoudinge te kweek.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle VLR'e en beheerliggame van skole.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-03-24

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

DIENSLEERTOEKENNINGS

2017

Inligtingsgids vir Diensleertoekennings

Sluitingsdatum: 21 April 2017

1. Inleiding

Die Diensleertoekennings is in 2017 van stapel gestuur en sal elke jaar aangebied word. Dit sal deur uitgebreide konsultasie met distriks- en ander Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) -strukture verbeter word. Die toepaslike bepalings van die raamwerk en kategorieë, in ooreenstemming met die ontwikkelingseise, sal voortdurend verfyn, verskerp en uitgebrei word.

Die WKOD wil hulde betoon aan alle leerders en hul begeleidende onderwysers wat vrywillig deur verskeie aktiwiteite en programme wat die gemeenskap verbeter, aan hierdie belangrike onderneming deelgeneem het. Dit erken ook die buitengewone pogings deur hierdie leerders en onderwysers, om dikwels onder baie moeilike omstandighede, 'n impak op hulle gemeenskappe te maak.

Die Diensleertoekenningsprojek is een van die maniere waarop die WKOD toegewyde en deernisvolle leerders erken en aanmoedig in hul pogings om mekaar as burgers van 'n demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese Suid-Afrika te ontwikkel.

Diensleer verbind leer met die werklike gemeenskapservarings ten einde te verseker dat leerders altyd die behoefte aan voortdurende verbetering van die lewe van gemeenskappe erken.

Die inisiatief sal verder bydra tot die realisering van die doelwitte van die provinsiale Naskool-spelwysiger.

2. Die doelwitte van die WKOD-diensleertoekennings is om:

- leerders aan te moedig om aktief op verskeie gebiede van hulle skoolgemeenskap betrokke te raak;
- samewerking, kameraadskap en beter begrip by leerders in skole te bevorder;
- onderrig te bevorder en by te dra tot die verbetering van skole en die gemeenskappe wat hulle dien;
- pogings aan te moedig om die skool as die middelpunt van die gemeenskap te plaas;
- leerders aan te moedig om projekte te inisieer en hul leierskapvaardighede te verskerp; en
- die jeug bewus te maak van kwessies wat betrekking het op hulle en die gemeenskap.

3. Hoe om 'n diensleerprojek te begin

Die enigiste manier om te leer hoe om 'n diensleerprogram te begin, is om die daad by die woord te voeg!

3.1 Die volgende voorstelle kan kan jou help om 'n diensleerprojek te begin:

a) Leer van 'n bestaande program.
b) Bepaal die behoeftes van die gemeenskap wat jy gaan bedien.
c) Bepaal watter hulpbronne vir die projek benodig word. Let daarop dat geld nie altyd nodig is nie.
d) Projekte moet altyd sterk skakels tussen gemeenskapsdiensste en die kurrikulum toon.
e) Wees gelei deur die vaardighede, inhoud en temas wat geleer en nagevolg gaan word.
f) Die ideaal is om diensleeridees as 'n span te ontwikkel. Gesamentlike beplanning is baie belangrik. Hou 'n dinkskrum met leerders, kollegas en ander oor moontlike aktwiteite om 'n magdom opsies te kry (en opwinding te skep). Dit lei dikwels tot gesamentlike diensleeraktiwiteite; 'n onderwyser wat 'n voorstel gemaak het, is meer geneig om deel te neem, leerders wie se idees ernstig geneem word, toon meer toewyding en agentskappe word meer betrokke vennote.

3.2 Identifiseer 'n bestaande program of aktwiteit wat in outentieke diensleer omskep kan word. Ondersoek byvoorbeeld 'n projek by die skool vir leergeleenthede. Ruil idees uit met onderwysers, leerdes en gemeenskapsvennote.

- Begin met standaard kurrikuluminhoud en vaardighede en vind die natuurlike verlenging na diens. Identifiseer die spesifieke inhoud en vaardigheidsareas wat aangepak moet word. Kyk miskien ook vir bykomende leergeleenthede in ander vakgebiede.
- Identifiseer aansluitings tussen inhoud en vaardighede in 'n tema of leereenheid. Begin met 'n wye tema of onderwerp, dikwels met duidelike diensimplikasies, en identifiseer dan spesifieke inhoud- en vaardigheidsareas.
- Begin met 'n behoefte wat deur leerders geïdentifiseer is. Identifiseer die leerders se vaardighede, talente en belangstellings. Laat die leerders die probleem, behoefte en oplossings omskryf.
- Begin met 'n behoefte wat deur die gemeenskap geïdentifiseer is. Indien die gemeenskap hulp gevra het, miskien deur 'n agentskap wat voorheen saam met die skool gewerk het, kan 'n vennootskap met daardie agentskap gesluit word.

3.3 **Hoe verseker ek dat diensleer leergeleenthede vir leerders bevorder?**
Diensleer bevorder en verryk leergeleenthede vir leerders wanneer onderwysers vooruit beplan om outentieke kurrikulumaansluitings te bepaal.

3.4 **Die beste diensleerprogramme:**

- is direk met die akademiese kurrikulum verbind;
- voldoen aan 'n behoefte in die gemeenskap;
- maak voorsiening vir gestruktureerde geleenthede vir die groep om te besin;
- is leerdergesentreerd;
- betrek leerders om as 'n groep besluite te neem en oplossings te vind;
- vind maniere om leerders se vaardighede en talente by die gemeenskap se behoeftes te laat pas;
- bied 'n wye verskeidenheid opsies vir leerders; en
- gee erkenning vir dienste gelewer.

3.5 Ons moedig onderwysers en leerders aan om die volgende beginsels van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in ag te neem wanneer hulle projekte beplan:

a) Sosiale transformasie: verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word.
b) Aktiewe en kritiese leer: moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede.
c) Hoë kennis en hoë vaardighede: die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke.
d) Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid: vuur die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte aan soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore.
e) Waardering vir inheemse kennissisteme: gee erkenning aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy.

3.6 Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend as individue en saam met ander as lede van 'n span;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;

- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- demonstreer begrip van die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

4. Kategorieë en toekennings

4.1 Die kategorieë is soos volg:

a) Ministerstoekenning
b) Tegnologie-toekenning
c) Gemeenskapsboutoekenning
d) Inspirerende Entrepreneurstoekenning
e) Toekenning vir Voortreflikheid in Omgewing
f) Kultuur- en Diversiteitstoekenning
g) Toekenning vir Voortreflikheid in Leierskap
h) Toekenning vir Voortreflikheid in Media
i) Toekenning vir Voortreflikheid in Veiligheid
j) Spesiale Toekenning
k) Toekenning vir Voortreflikheid in Innovasie
l) Toekenning vir 'n Bewonderenswaardige Vrou

4.2 Pryse

Daar is slegs een prys per kategorie. Die wengroep-leerders sal 'n sertifikaat ontvang. Daar word van die skool verwag om 'n sakeplan voor te lê met besonderhede van die behoeftes van die wengroep om hul werk in die jaar nadat hul die toekenning gewen het, voort te sit. Die waarde van die prys is R40 000.

Distriks- en provinsiale finaliste sal 'n Sertifikaat van Uitnemendheid ontvang.

5. Algemene kriteria

5.1 Leerders se bydrae tot die etos en moraal van die skool

- Betrokkenheid by programme wat die skool se onmiddellike gemeenskap verbeter.
- Deelname aan voortgesette leeraktiwiteite wat 'n positiewe impak op leer en gemeenskapsverbetering het.
- Verbind met netwerke wat poog om maatskaplike betrokkenheid te bevorder.
- Betrokkenheid by programme wat die skoolgemeenskap verenig.
- Deelname aan voortsetting van gemeenskapsopheffing.
- Positiewe impak op leer en opvoedkundige aktiwiteite.

- Die toon van leierskapvaardighede en vermoëns buite die skool se grense.

5.2 **Hoe die leerders die impak van die volgende maatskaplike uitdagings hanteer:**

- Die bevordering van positiewe rasseverhoudinge.
- Bewuswording van die belangrikheid van leer vir maatskaplike doelwitte.
- MIV en vigs.
- Dwelmmisbruik, misdaad, afknouery en bendebedrywighede.
- Die uitdaging van armoede en onvoldoende hulpbronne baasraak.
- Diversiteit en inklusiwiteit.
- Geslagsensitiwiteit.

5.3 **Spesifieke kriteria**

Hierdie kategorieë sal slegs vir sekondêre skole wees en sal groepe sowel as individue toelaat om deel te neem.

a) **Ministerstoekenning**

Hierdie toekenning sal 'n leerder of leerders vier wat moed en uitsonderlike dapperheid ten spyte van uitdagende lewensomstandighede getoon het. Genomineerdes sou positiwiteit en sterk karaktereienskappe getoon het in hul vasberadenheid om 'n suksesvolle lewe te lei of ander te help.

b) **Tegnologie-toekenning**

Die toekenning sal gegee word aan 'n groep leerders wat uitsonderlike innovasie binne die tegnologiese ruimte getoon het. Innoverende werk en ontwikkeling moet 'n impak op die vooruitsigte van ander op die gebied van tegnologie, 'n deel van die gemeenskap of die hele gemeenskap om die skool en verder hê. Die innovering sal erken word indien dit toonaangewend of baanbrekend in hierdie veld is. Dit moet ook 'n impak op ander leerders hê.

c) **Gemeenskapsboutoekenning**

Hierdie toekenning erken 'n leerder of leerders wat in leierskap- en verantwoordelikheidsrolle in die skool en/of 'n plaaslike gemeenskap opgetree het. Leerders sal gevier word vir hul pogings en vasberadenheid om positiewe en progressiewe verandering binne hul gemeenskappe mee te bring. Genomineerdes sou 'n poging aangewend het om onreg in die gemeenskap uit te daag en dit te bowe te kom deur 'n veldtog of vrywilligheid, en sou harde werk getoon het in 'n poging om ander se lewens te verbeter.

d) **Inspirerende Entrepreneurstoekenning**

Hierdie toekenning is vir 'n leerder of groep leerders wat innovasie en inspirasie in die gebied van sake-entrepreneurskap getoon het. Sodanige leerders sal vir kreatiewe en innoverende denke ten opsigte van die bedryf sake erken word. Die WKOD sal die genomineerde individu of groep se proaktiewe houding en gebondenheid tot 'n entrepreneurskapsgees erken.

e) **Toekenning vir Voortreflikheid in Omgewing**

Hierdie toekenning sal 'n leerder of leerders erken wat betrokke geraak en uitgeblink het in die bevordering van omgewingsbewustheid in die gemeenskap. Hy of sy sou bewysbare kundigheid en/of betrokkenheid by veldtogte oor die onderwerp getoon het. Relevante velde kan energie, klimaat, kos en natuurlike hulpbronne insluit. Skakeling met organisasies of individue wat kundiges is in die veld, sal die gehalte van die aanbieding van hierdie portefeulje verbeter.

f) **Kultuur- en Diversiteitstoekenning**

Hierdie toekenning sal gaan aan 'n leerder of leerders wat betrokke is by die voorspraak van sosiale samehorigheid en die bevordering van goeie burgerskap en harmonieuse verhoudings tussen leerders van verskillende maatskaplike, ekonomiese en kulturele agtergronde. Inisiatiewe moet uitkomste demonstreer wat hul doeltreffendheid bevestig.

g) **Toekenning vir Voortreflikheid in Leierskap**

Hierdie toekenning word gegee aan 'n leerder of leerders wat (1) die regte en verantwoordelikhede van ander leerders bevorder het, en (2) buite die skool vir die saak van onderrig opgekom het. Pogings en prestasies in hierdie verband moet deur relevante bewyse ondersteun word. Die wenner moet leierskapeienskappe soos onbaatsugtigheid, opoffering, empatie en sterk karaktereienskappe toon.

h) **Toekenning vir Voortreflikheid in Media**

'n Media-toekenning sal aan 'n leerder of leerders gegee word wat met die verslagdoening van kwessies van gemeenskapsbelang deur die gedrukte, aanlyn, elektroniese, oudio-, TV-, sosiale of fotografiese media uitgeblink het. Leerders sou ook betrokke gewees het in 'n volgehoue vennootskapsprogram met bewysbare resultate wat leerders en die gemeenskap oor 'n volgehoue tydperk help.

i) **Toekenning vir Voortreflikheid in Veiligheid**

'n Leerder of leerders wat bewustheid van die noodsaaklikhede van die WKOD se veiligheidsprogram getoon het en dit op een of ander manier uitleef, sal as 'n waardige ontvanger(s) beskou word. Die leerder of leerders moet die veiligheid van ander leerders op hulle pad na en van die skool asook in en om die skool verbeter. Erkenning sal gegee

word aan 'n leerder of leerders wat die gemeenskap aansienlik beïnvloed. Daar word verwag dat die voornemende ontvanger van die toekenning samewerking getoon het met wetstoepassingsagentskappe asook nie-regeringsorganisasies wat by die omgewing van die skool of gemeenskapsveiligheid betrokke is.

j) **Spesiale Toekenning**

Hierdie toekenning sal 'n leerder erken wat gestremd is en buitengewone volharding en sterk leierskapeienskappe getoon het in die hantering van sy of haar eie situasie, en sodoende 'n positiewe invloed op ander is. Die leerder sou die vermoë getoon het om 'n kampvegter vir die erkenning van die regte van gestremde persone en 'n voorstaander vir die bewustheid van verskillende gestremdhede te wees.

k) **Toekenning vir Voortreflikheid in Innovasie**

Hierdie toekenning sal aan 'n leerder wat vorendag gekom het met 'n briljante idee, wat daarna tot 'n buitengewone toonaangewende produk of diens ontwikkel is, toegeken word. Sodanige innovasie moet leer of 'n gemeenskapslewevlak bevorder en 'n impak op ontwikkeling hê. Die doelwit is om diegene te erken wat wetenskap proaktief verken met die doel om leer te verbeter en ander te beïnvloed om 'n liefde vir wetenskap te ontwikkel.

l) **Toekenning vir 'n Bewonderenswaardige Vrou**

Hierdie toekenning sal toegeken word aan 'n jong dame wat uitsonderlike leierskapseienskappe getoon het en 'n noemenswaardige impak op die gemeenskap gehad het. Sy sou betrokkenheid by liefdadigheids- en ander organisasies wat by maatskaplike verbeteringsprogramme betrokke is, getoon het.

6. Hoe om te nomineer

- Die VRL moet 'n nominasiekomitee stig.
- Die voorsitter van die nominasiekomitee moet 'n nominasievergadering reël, wat ander VRL-lede insluit, om die nominasieproses te bespreek.
- Die nominasiekomitee moet die kriteria en vereistes van elke kategorie bestudeer en eienskappe of kenmerke opstel wat hul genomineerdes by 'n gegewe stel kriteria sal pas.
- Sodra 'n geskikte leerder/groep genomineer is, moet die nominasievorm wat verskaf is, ingevul word.

Wie moet die vorms teken?

Die voorsitter van die nominasiekomitee en die prinsipaal of sy of haar aangewese persoon moet die nominasievorms onderteken.

Let wel:

- 'n Aparte vorm moet vir elke **kategorie** gebruik word.
- Die kategorie vir elke genomineerde moet duidelik gemerk word.
- Die skool moet seker maak dat die nominasievorm volledig ingevul is. Die vorm moet teen nie later nie as **21 April 2017** na die distrikskantoor gestuur word.
- Fotokopieë van die nominasievorm kan gemaak en gebruik word om in te skryf.

7. Diskwalifisering

Let asseblief op die diskwalifiseringskriteria in hierdie opsig. Genomineerdes wat versuim om die volgende kriteria na te kom, sal gediskwalifiseer word:

- Vorms moet volledig ingevul wees.
- Leerders moet ten tyde van registrasie vir hierdie projek by 'n openbare skool in die Wes-Kaap geregistreer wees.
- 'n Genomineerde word tot een kategorie op 'n slag beperk.
- Alle inligting moet waar wees.
- Skole moet kontantpryse wat tydens hierdie toekennings gewen word, gebruik vir 'n doel wat die voorwaardes van benoembaarheid nakom.

8. Reëls vir deelname

a) Slegs leerders wat tans geregistreer is, wie se gereelde skoolbywoning en wie se registrasie deur die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) geverifieer kan word, mag deelneem.
b) Benoembare projekte is projekte wat minstens ses maande voor die instelling van hierdie toekennings bestaan het.
c) Geen individu of groep mag vir meer as een kategorie genomineer word nie.
d) Slegs die voorgeskrewe vorm mag gebruik word. Inskrywers is egter welkom om ekstra papier te gebruik om op hul voorleggings uit te brei.
e) Deelnemers moet oorspronklike werk wat onafhanklike denkvermoë en produksie toon, kan aanbied.
f) Alle inskrywings moet vergesel word van minstens twee getuigskrifte van die skool se prinsipaal of sy of haar aangewese persoon (verpligtend), 'n ontvanger van die diens of hulp saam met wie die leerder of groep leerders gewerk het of 'n vennoot wat die leerder of groep leerders in 'n projek help.
g) Konkrete werk wat gedoen is, insluitend uitstekende prestasies en die impak van die werk op die gemeenskap, moet duidelik uiteengesit word.

h) Die besonderhede van die werk waarna hierbo verwys word, behoort in 400 of minder woorde beskryf te word.
i) Inskrywings moet deur 'n portefeulje met geloofwaardige bewys wat in die vorm van foto's, getuigskrifte, koerantknipsels of videogrepe, 'n verifieerbare beskrywing, ens., ondersteun word.
j) Alle inskrywings sal teen algemene en spesifieke kriteria wat op die betrokke kategorie van toepassing is, geassesseer word.
k) Die keuringspaneel behou die reg om 'n inskrywing na 'n ander kategorie te skuif indien die inskrywing volgens die paneel se mening beter vir daardie kategorie geskik is.
l) Slegs gekortlyste genomineerdes sal in kennis gestel en genooi word om die toekenningseremonie by te woon.
m) Die eerste inskrywings moet gestuur word aan die distrikskoördineerders, wat die keuring sal doen en die gekortlyste kandidate sal uitnooi. Skoolverryking, Veilige Skole en VRL-koördineerders sal die proses op distriksvlak hanteer.
n) Slegs drie inskrywings sal per kategorie op distriksvlak gekortlys word.
o) Slegs distrikswenners per kategorie sal na die provinsiale vlak vorder.
p) **Kontantpryse sal aan die skool gegee word. Die skool moet seker maak dat die geld SLEGS vir die voortsetting van die projek gebruik word. Afwykings van hierdie reël sal nie toegelaat word nie.**
q) Die borg mag 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers nomineer om op die beoordelaarspaneel te dien.
r) Die paneel se besluit is finaal en geen korrespondensie sal plaasvind nie.

Nominasies moet gestuur word aan:

Distrik	**Naam en van**	**Telefoonnommer**	**Straatadres**
Metro-Sentraal	Shaheeda Majiet	021 514 6922	Gatehouse 2, Alexandrawyk, Havenweg, Garden Village, Maitland, 7405
Metro-Oos	Mary-Joan Swartz	021 900 7253	H/v Belhar- en Nooiensfonteinweg, Kuilsrivier, 7579
Metro-Noord	David Leonard	021 938 3000/3170	Timmermanstraat, Parow, 7500
Metro-Suid	Rowan Esau	021 703 6597	Mfundo House, AZ Bermanrylaan, Lentegeur, Mitchells Plein, 7785
Kaapse Wynland	Fred Josias	023 348 0648	Durbanweg 9, Worcester, 6849
Eden & Sentrale Karoo	Sinovuyo Stofile	044 803 8377	Courtenaystraat 42, Rentzburghof, George, 6529
Overberg	Kobus Mike	028 2147366	Collegeweg 15, Caledon, 7230
Weskus	Cathlene Beukes	021 860 1200	Hospitaalstraat 6, Paarl, 7620

Western Cape Government
Education

NOMINATION FORM

CATEGORIES FOR THE AWARDS ARE:

	Minister's Award
	Community Builder Award
	Inspirational Entrepreneur Award
	Vodacom Technology Award
	Excellence in Environment Award
	Culture and Diversity Award
	Excellence in Leadership Award
	Excellence in Media Award
	Excellence in Safety Award
	Excellence in Innovation Award
	Lady of Substance Award

(*Please use "X" to mark the appropriate category. Use separate forms for the different categories. The full list of categories is available...

I NOMINATE
ADDRESS
ADDRESS
POSTAL CODE
Telephone No.
Cellphone
Fax:

NAME OF SCHOOL
ADDRESS
ADDRESS
POSTAL CODE
Telephone No.
Cellphone
Fax:

REASON FOR NOMINATION
(Please explain why this person / group should be considered one of the finalists.
**If you require more space you may use a separate sheet of paper. You must include practical examples indicating how the nominee has contributed to excellence or achieved against all odds in the field for which nominated.*

References

Please supply the name and contact details of two referees or organisations that can provide the selection panel with more information:

Name:	
Tel / Cell	
Designation	
Occupation	

Name:	
Tel / Cell	
Designation	
Occupation	

Please provide your own details below:

Name	
Designation	

(If applicable)

Add

Address

Tel:	
Cell:	
Fax:	

Signature: _____

Date: D D M M 2 0 1 7